# Eerbetoon aan vergete reus van die swart politiek

Deur **Ferdi Greyling**

**Sobukwe and Apartheid** deur **Benjamin Pogrund.** Jonathan Ball Publishers. R39,95. Sagteband (met foto's).

ROBERT SOBUKWE kan waarskynlik as die vergete reus van Suid-Afrika se moderne swart politiek bestempel word.

Nelson Mandela het die afgelope dekades wêreldwyd aandag gekry en is vandag met ons in 'n aktiewe politieke rol. Van Sobukwe weet die meeste blankes vandag waarskynlik nie veel meer nie as dat hy die Pan-Africanist Congress gestig het.

Benjamin Pogrund het met hierdie boek uitstekend daarin geslaag om Sobukwe twaalf jaar ná sy dood aan die leserspubliek bekend te stel.

Pogrund, destyds 'n joernalis verbonde aan die Rand Daily Mail, was goed bevriend met Sobukwe. Soos 'n goeie joernalis maak hy egter deurentyd seker dat daar afstand tussen sy emosies en die feite van die verhaal is.

Die gevolg is 'n uiters leesbare boek waarin twee verhale eintlik saamgeweef word.

Vir eers is daar die lewensverhaal van Sobukwe.

Pogrund bied dit nie aan as 'n deurtastende biografie nie. Uit wat hy vertel, kan 'n mens egter duidelik die raamwerk van hierdie merkwaardige man se lewe agterkom. ('n Mens wonder in elke geval of dit ooit weens praktiese oorweginge moontlik sal wees om 'n deurtastende biografie in die Westerse tradisie oor iemand soos Sobukwe te skryf.)

Omdat Sobukwe lank in semi-afsondering op Robbeneiland geleef het, moes Pogrund vir groot dele van die verhaal briewe aanhaal teen die agtergrond van politieke ontwikkelinge. Dit is tot sy krediet as 'n skrywer dat dit so gedoen is dat die intensiteit van die verhaal nie afneem nie.

Ten tweede is daar Sobukwe se verhouding met die apartheidstelsel. Dit word ewe goed – feitelik en sonder emosionele stroop – aangebied. Dit is 'n verhouding wat Sobukwe vernietig het. Watter impak hy op sy beurt op apartheid gehad het, sal die geskiedkundiges van die toekoms moet besluit.

'n Mens kan egter noem dat die destydse skietery by Sharpeville gebeur het nadat 'n vreedsame betoging wat Sobukwe teen die passtelsel gereël het, lelik verkeerd geloop het.

Die geheelbeeld wat die boek by 'n mens opwek, is nie altyd 'n aangename een om mee saam te leef nie. Sobukwe was duidelik 'n uiters intelligente, hoogs beskaafde en geweldlose mens met sterk leierseienskappe wat willens en wetens deur politici in beheer van 'n heersende ideologie vernietig is.

Pogrund verval egter nooit in 'n emosionele vingerwysing hieroor nie.

Die vrae wat by 'n mens ontstaan met die lees van hierdie boek, is diepgaande: Kon iemand soos Sobukwe in die jare vyftig en sestig hoegenaamd enige ander rol gespeel het as die tragiese een waarin die magte van die geskiedenis hom gedruk het? Was sy opofferinge verniet? Wat sou gebeur het as hy in die ANC gebly het?

*Sobukwe and Apartheid* bevat ook heelparty interessante staaltjies. Soos Anglo American se klaarblyklike onwilligheid om 'n helpende hand na Sobukwe uit te reik en die angswekkende ervaring wat hoofminister Mangosuthu Buthelezi by Sobukwe se begrafnis op Graaff-Reinet gehad het.

Pogrund is destyds deur militante jeugdiges verhinder om op Sobukwe se begrafnis te praat.

'n Beter eerbetoon as hierdie boek kon hy egter nie gelewer het nie. As 'n mens dit klaar gelees het, wens jy jy het in die jare sewentig genoeg geweet om Kimberley toe te ry en met Sobukwe te gaan praat waar hy onder streng inperkingsbevele sy laaste jare deurgebring het.

Beeld 22.10.90

Robert Sobukwe Papers

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2010**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

***DOCUMENT DETAILS:***

*Document ID:-* **A2618-Da19**
*Document Title:-* **Beeld: Eerbetoon aan vergete reus van die swart politiek (Honouring a forgotten giant of black politics), review by Ferdi Greyling (clipping)**
*Author:-* **Ferdi Greyling**
*Document Date:-* **22 October 1990**